Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alexandra Henriques**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Alexandra.Henriques@westerncape.gov.za | 021 467 2767

Lêerno.: 18/5/1/Masiqhame Trading 1057 CC
Verwysing: 20240405-2935

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0008/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by nie-artikel 21-openbare skole

**Onderwerp: Verlenging van kontrakte en prysstyging van skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels in die 2024/25-boekjaar**

1. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat die driejaarkontrakte, BWCED 2875/20 en BWCED 2876/20, wat met Masiqhame 1057 CC aangegaan is en op 30 April 2024 sou eindig, voorlopig vanaf 01 Mei 2024 verleng is hangende die aanstelling van 'n nuwe diensverskaffer vir die verskaffing en aflewering van skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Omsendbrief 0025/2021 van 20 Mei 2021 en Omsendbrief 0027/2021 van 01 Junie 2021.

3. Die hersiene pryse van sekere items, soos goedgekeur met die verlenging van die twee kontrakte, is hierby aangeheg vir u kennisname.

4. Die katalogusse wat by hierdie minuut aangeheg is, is slegs tot 30 Oktober 2024 geldig, of totdat 'n nuwe kontrak met 'n diensverskaffer gesluit word. Sodra enige nuwe kontrakte gesluit is, sal die betrokke kantore en skole vroegtydig daarvan in kennis gestel word.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike amptenare.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-04-25